



Voorsitters verslag vir Oktober 2026

Ons jaarlikse Kouga Sages Kampioenskappe het op 8 Oktober in pragtige weer begin. Nadat daar aanvanklik 'n rekordveld ingeskryf het, het onttrekkings ongelukkig weens verkeie redes gevolg. Om te kan aankondig wie die onderskeie Afdeling wenners was, sal ons maar ons nuuskierigheid tot in Desember moet bedwing. Wat ek wel weet, is dat 2 van die 3 afdelings beslis nuwe wenners gaan hè. Kompetisie was A-Afd Medal en IPS vir die res.


1e - Almero Weyers 37 punte


2e - Derek Dowd 36 punte


3e – Carina Theron 36 pte


4e – Bokkie Gerber 35 pte


CttP #3 Derek Dowd


#8 Hannes Bester


#10 Almero Weyers


#14 William Honiball


#17 Sven van Rie



Hannies Ferreira 2club



Henry Eybers & Les van Aarde 2nd at Zwartenbosch

SAGES
SENIOR GOLF-GHOLF
SINCE 1974

Dankie aan Kouga Sages vir die borg van ons pryse



Tussenin was Celéste Scheepers nog OP se Meestersatletiek sportvrou van die jaar

En toe is dit ons beurt vir die aanbieding van die jaarlikse Sages Kaapstreek toernooi. Van heinde en verre het 124 opgewonde gholfers hier gearriveer, en 20 van hulle het dit goed gedink om 'n oefenrondte op St Francis baan te speel. Die Links was ongelukkig nie beskikbaar nie. Wat ek eintlik spesiaal wil uitwys, is die merkwaardige bydrae van die Kouga vrywilligers: Nelus, Franco, Sven, Wynand, Petrus, aanvanklik Frans, Cecile, Sakkie, Matthys, Lynn, Ewald en NIE-Kouga lede Annemarie, Esmé, Corlia, Nina, Hester, Lynn en Rolien wat elkeen hul wonderlike deel bygedra het om ons toernooi 'n reuse sukses te maak. My hart loop oor van dankbaarheid.



Ekself het asem opgehou vir die dreigende reën en ons het toe inderdaad in ligte reën begin speel. Genadiglik het dit later opgeklaar en ons het vir die oorblywende 1.5 dae pragtige gholfweer beleef. En het Kouga span nie geskitter nie! Alhoewel ons nie op enige podiums gestaan het nie, het ons span gesamentlik PUIK presteer. Aanvanklik was ons met enkele desimale punte algeheel tweede, maar nadat die ander streke se navrae hanteer is en alle uitslae weer nagegaan is, was KOUGA die wenner van die Outeniqua trofee vir die beste spangemiddeld. Carina was net-net tweede vir die beste IPS.

.

<u>Dag 1, St Francis se Alliansie fotos:</u>



Eddie Mantle (NMC) & Cecíle (Kouga Kaptein)





Norman handing over the Links course to Sages



Dag1, 3e : Celéste met Johan Crafford & Theunis Ebersohn en Andrè Blom



2e: Celéste met Leon Neveling & Nic Marais en André Blom



Wenners: Celéste met Eddie Kensley & Joseph Rhode en André Blom



CttP #3 George Vosloo



#8 Jan van Wyk



#10 Andreas de Beer



#14 Hennie Bosman



#17 Eddie Mantle



Although 124 of us tried, no-one was lucky enough to get the required Hole-in-One at #10 to take the MobiG home. ☹

A little useless info - the 8th hole Par 3 at St Francis golf course is now officially named "Lake Panic" as so many of that emotion is felt there

DAG 2, St Francis Links Beterbal:



1e: John & Michael Price 46pte



2e: Jimmy namens Nic & Andries 45



3e: Jannie Joubert & Sean Cunningham (afwesig) (45)

Dankie aan die NMC vir die borgskap

SAGES

SENIOR GOLF-GHOLF SINCE 1974



Cttp: Michael Price #4 and #14



CttP #7 Hennie Bosman



Nic vir (inlas) Bennie Geldenhuys Hole-inOne #17

Beste spangemiddeld oor 2 dae



Outeniqua trofee: Kouga 101.925

Beste IPS uitslag oor 2 dae



Jannie vir Sean Cunningham 74pte

Beste span oor 2 dae



Craffie Crafford & Theuns Ebersohn 113



Ons 2027 jaarprogram is klaar opgestel en bevat ’n verrassing of twee.

Asof die bestuur nie reeds genoeg rondgehardloop het hierdie jaar nie, is ons CANSA dag ook binne dae weg. Indien jy met eerlikheid kan getuig dat KANKER jou nie raak nie, voel vry om die dag van 6 November tuis te bly en nie te gaan speel by Hankey nie.

Daarvan gepraat, ‘n groot aantal Kouga spelers of hulle gesinslede het tans ernstige gesondheidsprobleme of herstel van ingrypende operasies. Ek bid vir elkeen van julle. Byt vas manne en vroue en doen die rehab getrou. Intussen vreet ons nimmereindigende energieke Almero die tagtigerjare op asof dit maklik is; lekker verjaar!

En nou lê nog net 3 kompetisies voor vir 2026: CANSA by Hankey, ‘n belangrike IPS te St Francis op 19 Nov en ons vrolike afsluiting by Jeffreysbaai. Ons jaareindfunksie op 3 Desember se uitnodiging volg ook binnekort.

Celéste Scheepers – Voorsitter



‘n Terugblik op Kaapstreek voorbereiding (sakkies pak),opening, flaghysing en prysuitdeling:



























Jeffreysbaai GC het op 31 Oktober 80 jaar oud geword. En daar stap ons eie Kouga Sages dames met die 1e (Lynn van Biljon met 43 pte), 2e (Cecíle van Rie met 41 pte) en 3e (Anne-Marie Nice met 39 pte) met AL die podium plekke weg. Mooi gespeel, dames!





KOUGA SAGES KOMITEE 2026: (kougasages@gmail.com)

Voorsitter	Celéste Scheepers	082 926 0760	celestescheepers23@gmail.com
Klubkaptein	Cecíle van Rie	082 410 3385	cecilevanrie@gmail.com
Tesourier	Ewald de Beer	082 452 5668	ewalddb@outlook.com
Sekretaris	Wynand du Plessis	083 225 2238	wynandd111@gmail.com

https://www.facebook.com/groups/1145510056227178/

